

24 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Handeling 7:51-60
Fokusgedeelte: Handeling 7:55

Sien Jesus Christus aan die regterhand van God

Hoe kry 'n mens dit reg om in 'n vyandige wêreld aan jou roeping getrou te bly en om heldhaftig teen die bedreigings op die geloofspad te stry? So dikwels gebeur dit dat 'n mens nie opgewasse voel vir jou taak of stryd nie en sommer wil boedel oorgee. Die oormag is net te groot, die bedreiging net te intimiderend.

Stefanus het 'n wrede dood in die oë gestaar, maar selfs dit het hom nie laat weifel nie. Terwyl die lede van die Joodse Raad gereedgemaak het om hom te stenig, het hy in die hemel opgekyk en die heerlijkheid van God gesien met Jesus Christus aan sy regterhand. En dit het hom in daardie benouende oomblikke sterk gemaak. Immers: as jy die heerlijkheid van God sien, sien jy sy almag, sy majesteit, sy trou, sy regverdigheid, sy liefde ... En as jy Jesus Christus aan die regterhand van God sien, sien jy die Koning van die konings wat alle mag in die hemel en op die aarde ontvang het en wat alle dinge regeer. Niemand kan jou uit sy hand ruk nie. In Hom is daar geen sprake van 'n oormag of 'n bedreiging wat jou hoef bang te maak nie, want as God vir jou is, wie kan dan teen jou wees?

Dit is die antwoord op die vraag wat aan die begin gestel is. Jy moenie net jou roeping raaksien nie, maar ook die Een wat jou geroep het; nie net die bedreiging nie, maar ook die Een wat jou deur daardie bedreiging dra. En jy sien dit as jy, soos Stefanus, vol van die Heilige Gees, kinderlik gelowig in die hemel opkyk. Niks is dan onmoontlik nie.

Sing: Psalm 46:4, 6 (1936)

Ds CJH (Casper) Breed (Secunda)